Nuusbrief - Noordelike Sinode
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za
- **Besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)

- **Kampterreine:**
  - **Badseloop kampterrein**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, (h)014-743 3110 of 082 852 9998, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys Sendingsentrum**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg Jeugkampterrein: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

25 November 2016
Nr 44/2016

Sinodale nuus

Verklaring

Die Moderatuur van die Noordelike Sinode het as dagbestuur van die Sinodale Diensraad (SDR), by haar vergadering van 21 November 2016, kennis geneem dat daar verskillende emosies beleef word oor die onlangse Buitengewone Algemene Sinode en wil daarom graag die volgende sê:

- *Ons erken die onderlinge diversiteit van beskouings ten opsigte van selfdegeslagverhoudings binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die algemeen, asook binne Noordelike Sinode.*
- *Ons kon tot op hede in die Noordelike Sinode telkens daarin slaag om ruimte te skep vir lidmate, gemeentes en ringe om onderling van mekaar te verskil. Ons vertrou dat ons verbondenheid aan een Here en aan mekaar, ons weer daarmee sal help.*
- *Ons is van voorneme om by die eerste gewone vergadering van die SDR in Februarie 2017 verder daaroor te praat.*

Die Moderatuur
Noordelike Sinode

Bybel-lees met 'n verskil

Volgende byeenkoms vind op *29 November 2016* om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
** **Skriflesing**: **Mt 3:1-12**
** **Navrae:** Kobus Myburgh (083 227 7185) of Fanie Cronjé (083 415 1452)

Emeriti van die NG Kerk: Jaarlikse byeenkoms

'n Hartlike uitnodiging aan emeriti-leraars, hul eggenotes en weduwees van predikante
Datum: Dinsdag *29 November 2016*, 09:00-12:00
Plek: Skuilkrans N G Gemeente (H/v Cussonia- en Jan Albertweg , Lydania)
Koste: **Geen** *Kom net ... Sien julle graag daar!!!*
RSVP: Antwoord asb **vóór *29 November 2016*** op **een** van die volgende **maniere**: **Telefonies**: *Jan en Minda van den Berg* [012 333 4889; 083 415 4938] of *Louis en Nita Dressel* [082 577 2115; **SMS net:** " Naam; JA 1 of 2" na 082 577 2115; **E-pos**: " Naam; JA 1 of 2" na Ldress1@hotmail.com; **Faks**: " Naam; 1 of 2; JA " na **086 610 8505**
Parkering: Parkeer asb. binne die omheinings (ook oorkant die straat.)

Kollega nuus

❖ **Bevestiging/Emeritaat:**

Leonie Johnson word op *27 November 2016* om 9:00 in Haakdoorn **bevestig** as tentmaker.

Johan van Zittert [Overkruin] emeriteer op 28 Februarie 2017, maar lewer reeds op *27 November 2016* om 9:00 sy **afskeidspreek**.

❖ **Hospitaal/Siekte**

Francois Esterhuyzen (Raslouw) het onlangs 'n skoueroperasie ondergaan.

❖ **Verjaarsdagwense:** *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

24/11 Fantie van Heerden [Emeritus, 083 775 3016, fantiev@gmail.com]
04/12 Gert Prinsloo [Pretoria-Oos, 082 821 7387, gert.prinsloo@up.ac.za]
06/12 A van Zyl [Emeritus, 072 435 8146, isabelvanzyl@telkomsa.net]
08/12 Nicky Hattingh [Sanddrift, 083 357 2420, nickyhattingh@gmail.com]
++
03/12 Elize Steyn [Wonderboom, 012-567 7039, nelius@wonderboomngk.co.za]
05/12 Ansie Swart [Pretoria, 012-430 4882, mjswart@icon.co.za]
06/12 Alet Viljoen [Doornpoort, 071 880 1483, cornelmviljoen@gmail.com]
08/12 André Bruwer [Pretoria, 072 517 4851, hendrienvv@gmail.com]
09/12 Susarie van Velden [Bergtuin, 083 955 7327, enslin.vanvelden@gmail.com]

Gemeente nuus

❖ **Mootvallei: Vakansieprogram vir kinders tussen die ouderdom van 7 en 14**

Datum: *12-15 Desember 2016* [08:00-14:00]
Adres: H/v Louis Trichardtstraat en Morgan Laan, Parktown.
Navrae: Dr Retha Kruidenier [082 413 8462]; Jan-Mari du Toit [071 687 0357]; dr Jan Botha [076 481 5683]

Ander nuus

❖ **Wêreld VIGS Dag – dit raak ons steeds**

Met die oog op Wêreld Vigsdag, *1 Desember*, wil CABSA gemeentes en predikante aanmoedig om rondom hierdie dag aktiwiteite te ondersteun en inisieer om gemeentes te bly herinner aan die dringendheid en belangrikheid om MIV en Vigs steeds ernstig op te neem.

- CABSA het 'n verskeidenheid hulpmiddels beskikbaar op http://www.cabsa.org.za/World-AIDS-2016
- In 'n video boodskap gee Ds Christo Greyling agtergrond oor die huidige situasie in Suid-Afrika en moedig gemeentes aan tot betrokkenheid. Ds Greyling leef reeds vir 29 jaar met MIV en het oor die jare 'n groot invloed gehad op baie Christene se verstaan van en betrokkenheid by die MIV-epidemie.
- Liturgiese riglyne vir eredienste kan ook afgelaai word: In Afrikaans of in Engels

❖ **CMR Kersfeesprojek - Ons webwerf is aangeskakel en gereed om 'n helder lig te skyn in die lewens van kinders en gesinne in nood!**

Kliek HIER om te sien hóé eenvoudig dit werklik is om 'n kind se wense te bewaarheid.

- **Let wel:** Alle geskenke moet ons voor op op *5 Desember 2016* bereik. **Waar**?
- Sien jou naaste CMR geskenk aflewering-sentrum – kliek hier**Vir verdere navrae** kontak gerus vir ANJA by marketing@cmrn.co.za

❖ **CLF-nuus:** *16 Desember* **- Versoeningsdag**

Wat beteken versoening vir jou? Is versoening net vergewe en vergeet en aangaan met ons lewens of is dit ware uitreik na mekaar en saam die pad verder loop? Versoening is 'n hartsverandering van twee partye teenoor mekaar, dis leer om mekaar in die oë te kyk en mekaar se harte raak te sien, dis om 'n paar myl in die ander een se skoene te stap en dan werklik te verstaan, dis uitreik na iemand met seer en sy hart omkeer met jou omgee. Vir amper 60 jaar

reeds ontwikkel, druk en versprei ***Christelike Lektuurfonds*** lektuur wat help om taal en kultuurgrense oor te steek... [Lees hier verder...]

❖ **OOP VIR DIE OOMBLIK: Jaarkursus in 'n lewe van teenwoordigheid**

Aangebied deur die *Sentrum vir Spiritualiteit olv dr Willem Nicol en ds Immanuel van Tonder* - In elke moment van elke dag lê diep rykdomme opgesluit. Die kursus word so aangebied dat verskeie fasette van jou menswees daardeur blootgestel kan word aan die transformerende proses van teenwoordigheid. Ons gaan deur verskeie praktiese prosesse oefen om volbewus en wakker te leef. Die kursus begin met 3 opeenvolgende aanbiedings en daarna 'n maandelikse geleentheid om die proses in jou lewe verder te laat wortel skiet en vrug dra.
Datums op **Donderdae vir 2017**: *26 Januarie, 2 Februarie, 9 Februarie, 9 Maart, 20 April, 18 Mei, 22 Junie, 27 Julie, 31 Augustus, 28 September, 26 Oktober, 23 November.*
Plek: Lynnwood Gemeente Kapel
Tyd: 19:00
Inskrywings: Stuur 'n epos aan bets@nglynnwood.co.za met jou naam en kontak besonderhede.
Navrae: Immanuel van Tonder [0835406015, immanuel@vantonder.org.za] of Willem Nicol [0839667831, wnicol@mweb.co.za].

❖ **PEN Seekamp het jou hart nodig!**

Janthinus Schrage skryf soos volg: "*PEN Seekamp wil soos die 19 jare vantevore, 'n geleentheid skep vir 'n wonderwerk. Wonderwerke lê nie soseer in die projek nie, maar wel in die hande van die tannies wat koekies en beskuit bak vir ons kinders. Wonderwerke gebeur waneer 'n bakkie vrag vol sap, lekkers en toiletware by PEN afgelaai word vir die seekamp. Dit lê in elkeen wat iets gee, saam met PEN droom dat ons kinders die potensiaal het om kosbare rolspelers binne ons gemeenskappe te wees en ook ons land. Dat hulle ook waardig is en God hulle lief het ten spyte van hulle soms uitdagende omstandighede...*" [Lees hier verder...]

❖ **ALFA Pastorale Opleiding, Berading en Gemeenskapsentrum** *[Gestig 1987]* bied aan: **'n Jaarkursus in Pastorale Opleiding, berading en gemeenskapsdiens**: *1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018*

- **Teikengroep**: Studente, predikante, jeugwerkers, onderwysers, maatskaplikewerkers, enige professionele persone, en persone wat verryk wil word. (Persone moet rekenaar geletterd wees of toegang daartoe hê).
- **Status van kursus**: Sertifikaat. Geakkrediteer deur *Excelsus Sentrum vir Bedieningsontwikkeling* van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria, **120 VBO punte.**
- **Navrae:** *Dr Jan Botha*, tel 012 5463545, sel 0764815683 en e-pos jan@pastoralepraktyk.co.za; *Dr Retha Kruidenier*, tel 012 3291352, sel 0824138462 en e-pos retha@geo-logic.com.
- **Vir registrasie en volledige inligting**, besoek**:** *alfapastoralepraktyk.com.* LW: Registrasie tot en met *29 Februarie 2017.*

❖ **Wêreldbiddag vir Vroue:** *3 Maart 2017*

Tema: "My genade is vir almal"

Hierdie biddag word altyd op die eerste Vrydag in Maart gedenk en volgende jaar is die skrywersland die **Fillipyne**. Hulle het *"My genade is vir almal" ("Am I being unfair to you?"* in Engels) as tema gekies, met Matt 20: 1-16 as teks.

- Kry inligting hier en bestel vroegtydig die brosjure.



❖ **Viam Dei spiritualiteitskursus**

Viam Dei is 'n jaarkursus en is kwartaalliks vooruitbetaalbaar – besoek www.viamdei.com/jaar1 vir volledige inligting. Leraars verdien **20 VBO punte** vir bywoning.
Aanbieder: Dr Marina Strydom [NG Pretoria-Oos]

❖ **Teo.co.za-nuusbrief**

Vertaalfunksie op die teo-webwerf: Die outomatiese vertaalfunksie verskyn aan die regterkant van die webwerf. Kies die taal van u voorkeur en klik daarop. [Besoek ook http://teo.co.za/]

❖ **Excelsus nuus**

André Bartlett*, Hoof van Excelsus skryf soos volg*: "... Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling aan die Fakulteit Teologie by UP) het in 2014 in samewerking met Shepherd in Bloemfontein en Communitas in Stellenbosch 'n **Sertifikaatkursus in Bedieningsvernuwing** geloods.

Dit is 'n intensiewe kursus wat bedoel om predikante te help om op 'n dieper en meer grondige vlak geheroriënteer te word ten opsigte van hulle bediening.
Die kursus word in die formaat van nege blokke (van 3 dae elk) oor die loop van drie jaar aangebied. (Sien aangehegte bekendstellingspamflet). Persone wat inskryf, verbind hulle vir die volle drie jaar van die kursus en woon 3 kontaksessies per jaar by.
Ons probeer die koste so laag as moontlik hou en vra R 830-00 per module (wat kursusmateriaal, 2 middagetes en 3 dae se verversings insluit). Betaling geskied per module, maar kan ook per jaar (dws R 2 490-00) of vir die hele kursus vooruit (dws R 7 470-00) betaal word.
Persone wat die volle kursus voltooi, verwerf 180 VBO-punte (dws 60 punte per jaar).
Die eerste jaargroep het reeds in 2014 met die eerste drie modules begin en het vanjaar die laaste modules afgehandel. Die tweede jaargroep het in 2015 begin met die eerste drie modules en het vanjaar modules 4, 5 en 6 afgehandel.
Ons is besig om 'n derde groep predikante saam te stel wat in 2017 met die eerste 3 modules sal begin.
Die voorlopige datums vir die eerste drie modules is:

- 28-30 Maart 2017
- 23-25 Mei 2017
- 15-17 Augustus 2017

Indien jy belangstel om deel van die kursus te wees, kan jy vir Rika van Rensburg kontak by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 (08:00 – 13:00) of die aangehegte inskrywingsvorm voltooi en aan stuur na excelsus@up.ac.za."

Gebedslys

Hiermee 'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers om enige sake vir voorbidding aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.

- **Die nuwe Kerkjaar wat eerskomende Sondag begin.**
- **Dankie vir die reën wat tot dusver geval het.**
- **Plekke in ons land waar dit nog baie droog is.**
- **Vigs-pandemie.**

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Florauna: Vakature – Musiekleier tydens aanddienste

Posvereistes:

- Begeleiding tydens aand-eredienste 18:00.
- Verantwoordelikheid om, saam met die span, die gemeente tydens aanddienste in lofprysing en aanbidding te begelei.Kontemporêre musiek en liedere te kies wat gepas is vir die aand-eredienste.
- Versorging van bladmusiek vir alle oefeninge en aand-eredienste.
- Alle reëlings ivm oefening en dienste aan lofspan deur te gee.
- Leiding te neem tydens alle oefeninge.
- Inoefening van lofprysingspanne elke tweede week sowel as voor die Sondag se aanddiensoptrede.
- Aflos begeleier tydens oggend-eredienste met oefening wat daarmee gepaard gaan.
- Die hantering van spesiale eredienste soos bv. Adventdiens en Paassangdiens soos aangewys deur die Musiekkoördineerder.

Vergoeding is onderhandelbaar.
Sluitingsdatum: *30 November 2016*
Navrae: Mnr. Riaan Engelbrecht, tel: (012) 546 5071 of 083 376 1938; E-pos: ngkflorauna@absamail.co.za

2016 UP Proponente

Hiermee die **kontakbesonderhede** van die proponente wat op 17 November 2016 gelegitimeer is:

- *Bernard Barnard* [072 275 7392; bernard.barnard@hotmail.com]
- *Gerrie Bodenstein* [078 509 6754; oomgerbrand@gmail.com]
- *Berenice Esterhuyzen* [072 794 5928; aesterhuyzen@clinix.co.za]
- *Phil Grabe* [072 660 5230; phil.grabe@gmail.com]
- *Jaco Heymans* [084 264 4895; jacoheymans@yahoo.com]
- *Marian Jordaan* [079 877 8637; marianjordaan2@gmail.com]
- *Danielle Laubscher* [082 496 9024; daniellelaubscher317@gmail.com]
- *Anel Pienaar* [082 069 0494; anel.ferreira@gmail.com]
- *Christo Schoeman* [082 775 4988; cjschoeman777@gmail.com]

- *Bernice Serfontein* [083 417 5133; bernice.serfontein@gmail.com]
- *Nico Smit* [083 409 2132; nicative@gmail.com]
- *Ian Stanton* [072 281 1634; ISianstanton@gmail.com]
- *Dirk Steyn* [079 023 8539; dircoeste@gmail.com]
- *Marileen Steyn* [082 701 3258; marileen.steyn@gmail.com]
- *Stanwin Street* [079 525 5695; stanwins@gmail.com]
- *Anandie Vosloo* [083 251 7213; anandievosloo@gmail.com]

❖ Let op die poste wat in die Kerkbode geadverteer word:

Besoek: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/.

❖ Lys van leraars en emeriti wat aangedui het dat hulle beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn uit te help - Kliek hier

❖ Ten slotte

Wees versigtig wat jy op die elektroniese media plaas.... [Kliek hier]

BYLAES

VBO nuut en geïntegreerd

Sertifikaat in Bedieningsvernuwing ontwikkel deur die VBO-taakspan in samewerking met Communitas, Excelsus en *Shepherd*

Nege modules versprei oor 3 jaar:	
Jaar 1	
Module 1	Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan
Module 2	Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?
Module 3	Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie
Jaar 2	
Module 4	Oor Identiteit – wie is ons en waar pas ons in?
Module 5	Oor Bediening en geestelike leierskap – die hart van predikantswerk
Module 6	Oor Bediening en Geestelike Formasie – hoe mense gevorm word vir dissipelskap en diens
Jaar 3	
Module 7	Oor Missionêre Gemeentes – hoopvol en energiek vir ons roeping
Module 8	Oor die Erediens en Prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel
Module 9	Oor Gemeenskap – om koinonia en diensbaarheid in gemeentes te versterk

Verwerf **180** VBO-punte (60 punte per jaar)

Die eerste drie modules word op die volgende datums in Pretoria aangebied:

- Module 1 28-30 Maart 2017
- Module 2 23-25 Mei 2017
- Module 3 15-17 Augustus 2017

Koste: R830,00 per module (R7 470,00 vir die volle 3 jaar)

Vir meer besonderhede kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738

Terug

Inskrywingsvorm

Gevorderde Sertifikaat in Bedieningsvernuwing (GSB)

Module 1	**Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan.**	**28-30 Maart 2017**
Module 2	**Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?**	**23-25 Mei 2017**
Module 3	**Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie.**	**15-17 Augustus 2017**

PERSOONLIKE BESONDERHEDE

Titel, Voorletters en Van:			
Identiteitsnommer:		**Noemnaam:**	
Telefoon (Huis):		**Selfoon:**	
E-pos:			
Huidige gemeente:		**Sinode**	

Kursusgangers is self verantwoordelik vir akkommodasie

Spesiale dieet	**Vegetariër**		**Diabeet**		**Ander**	

Sluitingsdatum: 14 Maart 2017
Kursusfooi: R830.00 per persoon per module of R2 490,00 per jaar of R 7 470-00 vooruit vir die hele kursus.

Bankbesonderhede	
Begunstigde (Maak tjeks uit aan):	**TSO**
Bank:	**ABSA**
Tak:	**PRETORIA**
Takkode:	**632005**
Rekeningnommer:	**142 0830 463**
Verwysing by direkte inbetalings (Bank of Internet):	**Gebruik asseblief die kursusnommer en u naam as verwysing, Bv: GSB3 Naamenvan**
E-pos aan:	**excelsus@up.ac.za**

Posadres
Excelsus **Posbus 12100** **HATFIELD** **0028**

U inskrywing word geldig wanneer die inskrywingsvorm TESAME met die betalingsbewys ontvang word

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK:
Verwysingsnommer:
.....

Terug

PEN Seekamp het jou hart nodig!

Janthinus Schrage skryf soos volg: "*Ek dink gereeld hieraan. Hoe kan ons emosionele vryheid meet? Hoe kan mens 'n kind se glimlag meet waneer hulle oë vol seer is? Ons kan nie altyd meet hoe hulle uitdagings in die gesig staar nie, maar ons KAN verseker meet hoe ons hulle geleenthede gee om met hierdie uitdagings vas te vat.*

PEN Seekamp wil soos die 19 jare vantevore, 'n geleentheid skep vir 'n wonderwerk.

Wonderwerke lê nie soseer in die projek nie, maar wel in die hande van die tannies wat koekies en beskuit bak vir ons kinders. Wonderwerke gebeur waneer 'n bakkie vrag vol sap, lekkers en toiletware by PEN afgelaai word vir die seekamp. Dit lê in elkeen wat iets gee, saam met PEN droom dat ons kinders die potensiaal het om kosbare rolspelers binne ons gemeenskappe te wees en ook ons land. Dat hulle ook waardig is en God hulle lief het ten spyte van hulle soms uitdagende omstandighede.

Om eerlik te wees, om 120 kinders op 'n kamp te vat kos nie net 'n paar sent nie. Dink net: akkommodasie, vervoer en dan moet ons nog magies vol maak. Hierdie utgawes kan 'n aardige bedraggie wees, dan raak ons nie eens die 'goed' wat ons kinders nodig het om sin te maak van hulle lewens nie. Klei, kuns, 'n bybel, dalk 'n bietjie seep en 'n handoek om 'n paar te noem. Elke rand wat iemand gee, gaan ewigheidswaarde dra.

Alles in ag genome, hoekom doen PEN dit? Hierdie Desember gaan 120 kinders Jesus ervaar deur die drukkies en omgee deur die PEN groepleiers. Hulle gaan uit reik en hulle stories van 'seer' met mekaar deel en dit sodoende minder maak en hulle pad na emosionele vryheid ontdek. Hulle gaan hoor van God se droom vir hulle lewens en dat hulle ook sal wakker word met 'n son van God se beloftes en Sy liefde wat oor hulle skyn.

Ons nooi jou uit om hierdie seekamp vir ons kinders 'n realiteit te maak. Kom skep 'n droom en borg 'n kind se seekamp teen R1500,00. Kontak ons by info@pen.org.za of 012 323 6688."

Bankbesonderhede: PEN, ABSA Rek nr. 020263385, Verw. Seekamp
Besoek ook: http://pen.org.za/2016/10/27/pen-seekamp-het-jou-hart-nodig/

Terug

Christelike Lektuur Fonds-nuus

16 Desember - Versoeningsdag

Wat beteken versoening vir jou? Is versoening net vergewe en vergeet en aangaan met ons lewens of is dit ware uitreik na mekaar en saam die pad verder loop?
Versoening is 'n hartsverandering van twee partye teenoor mekaar, dis leer om mekaar in die oë te kyk en mekaar se harte raak te sien, dis om 'n paar myl in die ander een se skoene te stap en dan werklik te verstaan, dis uitreik na iemand met seer en sy hart omkeer met jou omgee.
Vir amper 60 jaar reeds ontwikkel, druk en versprei ***Christelike Lektuurfonds*** lektuur wat help om taal en kultuurgrense oor te steek. Hierdie materiaal is ook vir jou as lidmaat en gemeente beskikbaar om met 'n gewillige hart die eerste tree tot versoening te gee. Of dit binne gesin- of familiegrense is, of verskille in kulturele denkwyse of vasgesemente vooroordeel is – jy kan help om mure af te breek.

1. Stel belang in die persoon wat jou kos bedien by die eetplek, die petroljoggie wat jou motor volmaak of die karwag wat jou motor op pas. Vind uit waar hy vandaan kom en wat sy hartstaal is. Volgende keer sit jy saam met die fooitjie 'n CLF pamflet in sy moedertaal in sy hand en kyk hoe sy gesig verhelder! Ervaar hoe jou hart warm word as hy daarna glimlag as hy jou weer sien.
2. As jy Desembervakansie 'n lang reis onderneem, sit 'n paar CLF pamflette in jou motor of handsak en deel uit aan diegene wat ons Vader oor jou pad stuur. Die "ongewone papiersendeling" wat jy in hul hand sit is moontlik net die antwoord op hul hulproep na God die dag. Dit kan selfs in die vulstasie waar julle stop vir petrol of 'n ete, se kleedkamer geplaas word om ander se lewens aan te raak.
3. Die publikasie, "Sê dit in isiXhosa" deur Koos Oosthuizen @ R80 per kopie, kan jou help om kultuur- en taalgrense oor te steek deur die hartstaal te leer praat van meer as 8 miljoen Suid-Afrikaners.

Vra God om jou te help om met nuwe oë na ander te kyk en 'n positiewe versoeningsrol in jou eie omgewing te speel.

Vir navrae of bestelling van Bybels en gratis pamflette skakel 021 873 6964, stuur 'n e-pos na info@clf.co.za of besoek www.clf.co.za

Terug

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

Die volgende predikante is beskikbaar vir preekbeurte en/of afloswerk:

- ***Pieter Berrange*** *[082 925 3634, dspieterberrange@gmail.com]*

- ***Anton Binneman*** *[083 236 3590, drbinneman@gmail.com]*
- ***Gerhard Bothma*** *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
- ***Corrie Greeff*** *[082 928 5586, cwgreeff@absamail.co.za]*
- ***Zachie le Roux*** *[083 799 5911, zachie.leroux@gmail.com]*
- ***Ernst Muller*** *[012-527-0015 of 082-656-1107, erdvark@xsinet.co.za]*
- ***Fanie Steyn*** *[012-997 5003, 082 441 1500, fsteyn7@gmail.com]*
- ***Stanley Strydom*** *[083 299 1090, stanley.strydom@gmail.com]*
- ***Wynand van Beek*** *[083 265 1118, wynandbe@nfp.nedbank.co.za]*
- ***Danie van Niekerk*** *[082 045 6881, vanniekerkmail@gmail.com]*

Die volgende emeriti het aangedui dat hulle beskikbaar is vir preekbeurte:

- ***Jannie Botha*** *[083 303 9767 of 012-344 3768, jjbotha@mweb.co.za]*
- ***Henk Gous*** *[083 267 0108, e-pos: henkgous@mweb.co.za]*
- ***Hennie Horn*** *[082 743 9238 of 012-548 5796, henniehorn@telkomsa.net]*
- ***Anton Jordaan*** *[083 380 0346, adoonsjordaan@gmail.com]*
- ***Casper Krüger*** *[082 387 1099 of 012-348 3205: cek3kr@gmail.com]*
- ***Martin Lazenby*** *[079 493 4957, doklazenby@gmail.com]*
- ***Louis Louw*** *[012-9931574 of 072 461 663, louisklouw@absamail.co.za]*
- ***Barend Piek*** *[072 185 4297, piek.barend@gmail.com of plaaspad@polka.co.za]*
- ***Bertus van der Westhuyzen*** *[082 788 4466, b@telkomsa.net]*
- ***Louis van Deventer*** *[012-567 6566 of 082 567 0945, louisvand@absamail.co.za]*

Terug

Teologiese studente en proponente:

** Neem asseblief kennis dat die "rubriek" ontstaan het nadat ons navraag ontvang het vanaf gemeentes wat leraars se hulp op 'n kort termyn nodig het, asook leraars wat beskikbaar is om deeltyds of op 'n kort termyn te help.*

Ten slotte

Terug